HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 118 van 2026

30 Oktober 2026

'N BEROEP OP ONS OUERGEMEENSKAP – HELP ONS OM 'N VERSKIL TE MAAK

Geagte Randjie Ouer/Voog

By Hoërskool Randburg glo ons dat omgee vir mekaar een van die belangrike waardes is wat ons as gemeenskap saambind.

Daar is tans 'n groepie toegewyde ouers wat help om daagliks kospakkies vir van ons leerders voor te berei, sodat hulle daagliks iets te ete het. Ons wil graag hierdie inisiatief uitbrei deur nog ouers te betrek, sodat die verantwoordelikheid gedeel kan word en die taak vir almal ligter word.

Die idee is eenvoudig: vrywillige ouers neem op 'n roterende basis verantwoordelikheid vir 'n bepaalde aantal leerders se kospakkies, ongeveer een keer elke twee weke. Indien meer ouers betrokke raak, kan hierdie beurt selfs minder gereeld wees.

Dit is 'n praktiese manier om betrokke te raak en 'n verskil te maak, sonder dat dit noodwendig baie tyd of moeite van enige een persoon verg. Deur die verantwoordelikheid te deel, kan ons saam verseker dat hierdie waardevolle inisiatief volhoubaar bly.

Ons doen dus 'n vriendelike beroep op ouers wat bereid is om deel van hierdie span te word. Elke ekstra paar hande help en saam kan ons so 'n tasbare verskil maak.

Indien u graag betrokke wil raak, versoek ons u om 'n e-pos aan Riana Jv Rensburg by sau.ontvangs@hsrandburg.co.za te rig.

Baie dankie aan die ouers wat reeds hul tyd en moeite gee, asook aan elkeen wat dit sal oorweeg om by die span aan te sluit. Dit is juis deur sulke klein, praktiese dade van omgee dat ons die gees van ons gemeenskap versterk.

Vriendelike Randjiegroete

G. van Zyl
Adjunk-hoof: Leerdersake

P. Booysen
Skoolhoof

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za